

Gebiedsvergadering te Joubertina (31 Oktober tot 2 November 2008)

Hierdie saamtrek is miskien so bietjie verder as die normales, maar dit is tog heerlik om by die kleiner dorpies te gaan kamp. Dit is nie net 'n saamtrek vir die gebiedsbestuur van die vier streke in ons gebied nie, maar die gewone lede kan dit ook gaan bywoon as hulle voel om so bietjie verder te ry.

Vrydag daag daar toe 3 gesinne van Klein Karoo, 2 tentkampers van Seemeeu en 10 woonwaslepers en 1 tentkamper van Oos-Kaap op. Strelitzia se 2 gesinne het tuis gegaan in die pragtige gastehuisies. Tom en Gaile Michell wou nog vir oulaas hare kam, maar die deur van die woonwa het langs die pad oopgewaai en die hele spieël het gebreek. Gelukkig was daar nie groot skade nie. (Nogals snaaks gelyk toe hulle huis toe ry met al die toue om die woonwa.)

Die natuur en plaas rondom is werklik pragtig en die aand hou Daan Schoeman vir ons die Boekevat. Snaaks hoe anders klink alles as mens so luister na die plaasgeluide. Almal kuier daarna lekker om die vure.

Saterdagoggend is daar sommer baie lank vergadering gehou en Lappies Labuschagne en Jimmy Muller van Seemeeu asook Karl Heinz Niemand van Klein Karoo daag net op vir die vergadering. Daarna vat 'n klompie die pad berge toe. Pragtige geheime kampe word ontdek en diegene wat kans gesien het daarvoor, keer vol planne terug.

Die aand hou Retha Strampe vir ons die Boekevat en die vure brand weer lekker hoog. Later keer almal maar weer kooiwaarts.

Sondagoggend en 'n pragtige dag breek aan. Jakkie hou die Boekevat en ons vier Wouter Steenkamp se groot dag. Dis nie elke lid wat by 'n saamtrek 70 kersies kan doodblaas nie. So stadigaan begin die lede oppak en ons keer almal veilig tuis.

Baie dankie aan almal wat kans gesien het om so ver te ry en die naweek so aangenaam te maak. Ons glo dat die klompie dit baie geniet het. Volgende jaar kan ons dit weer so maak as alles uitwerk.

JAKKIE